VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 14 - Uitgawe 2
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

22 Januarie 2016

Is dit nie dié mooiste gesig nie! Ons buig in dankbaarheid voor God, die Voorsiener en Versorger van alles…

1. NUUS UIT DIE SINODALE KERKKANTOOR:

Argief- en Inligtingsdiens: Die groot trek van die dokumente (argivalia) en die personeel vanaf *Infofile* na hul nuwe tuiste by die Sinodale Sentrum te Van Heerdenweg 20, het op 8 & 9 Desember 2015 plaasgevind – sien foto's **hier**. Dit is steeds 'n gewoel en werkskaf om alles op hul plek in die kluis te besorg (alle dokumente, ensovoorts moet uit die *kartonhouers gehaal en op die rakke in die kluis gepak word). Hierdie proses sal nog ongeveer tot einde Februarie 2016 duur, dus het die personeel van die Argief versoek dat gemeentes, ensovoorts hulle asseblief die nodige tyd sal gun om die proses af te handel voordat enige dienste ten opsigte van die ontsluiting van dokumente, sowel as navorsing gelewer kan word. Indien daar egter 'n noodgeval is, is die kontakbesonderhede, ook vir die toekoms, as volg:

Mev Christa Botes (Argivaris) - 051 406 6746 (k), e-pos **inlig@ngkvs.co.za**
Mev Helena Smit (Argiefassistent) - 051 406 6747 (k), e-pos **argief@ngkvs.co.za**
Kantoorure Ma - Vr 08:00 - 16:00, tussen 12:45 en 13:30 gesluit vir middagete ***(persone wat graag navorsing sou wou kom doen, moet asseblief vooraf 'n afspraak maak).***

***Kartonhouers:** Die leë houers word te koop aangebied teen R15 elk – indien jy meer as 100 houers sou koop, is die prys R10 elk, dit kan by die Sinodale Kantoor afgehaal word. Belangstellendes kan vir Lisma Liebenberg kontak by 051 406 6700 (k), of 'n e-pos stuur aan **daf@ngkvs.co.za**

Nuwe personeellid: Die nuwe vriendelike gesig by die Sinodale Kantoor se ontvangs is **Sanet van Niekerk** wat reeds in Desember by ons aangesluit het. Sy is vars uit matriek en ons verwelkom haar graag in ons midde en vertrou dat sy 'n lang en gelukkige pad saam met die NG Kerk Vrystaat sal stap! Haar kontakbesonderhede is 051 406 6700, of **sanet@ngkvs.co.za**. Christelle Smith is nou in die plek van Marinda Pienaar wat afgetree het, sy sal in die toekoms al die besprekings en administrasie ten opsigte van die Mooigenoeg Kampterrein behartig - kontak Christelle by 051 406 6701 of **kerkkantoor@ngkvs.co.za**

Nuwe e-pos adres vir Skriba van die Moderamen: Let daarop dat **dr Carin van Schalkwyk** 'n nuwe e-pos adres het, **skriba@ngkvs.co.za** – alle korrespondensie rakende kerk-aangeleenthede moet asseblief in die toekoms na hierdie adres gestuur word.

2. GEBEURE BY GEMEENTES:

NG Hugenoot - dankfees vir die reën:



NG Heuwelsig - Daniëlkonferensie: Dié konferensie vir alle manne word gedurende die **naweek van 29 en 30 Januarie 2016** by hul gemeentesentrum te Gilles van der Wallstraat 17, Dan Pienaar, aangebied. Koste beloop R50pp, vir navrae kontak die kerkkantoor by 051 436 1967 (Ma tot Vr 08:00 - 13:00), of vir Jacques Minnaar by 082 445 1402. **LET WEL, hierdie geleentheid is vir alle belangstellende manne en nie net vir die lidmate van NG Heuwelsig nie!**

Beginnersklasse in Sesotho: Die **NG Gemeente Langenhovenpark** bied wéér hierdie gewilde kursus in Sesotho aan. Dié kursus strek oor 28 weke en die totale koste beloop R2000pp. Die kursus **begin DV Donderdag 25 Februarie 2016 om 18:30** en vind in die Gemeentesentrum van NG Kerk Langenhovenpark plaas (Kleinkerk). **Registreer asseblief vóór of op Maandag 15 Februarie om 10:00** - telefonies by 051 446 2225, of per e-pos by **ngklhp@mweb.co.za**. 'n Volledige inligtingsblad is ook by die kantoor beskikbaar. 'n **Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar vóór, of op Maandag 15 Februarie om 10:00. Daar is plek vir slegs 25 studente.** Vir verdere navrae skakel die kantoor by bogenoemde nommer, of vir Riaan Stander by 051 446 1131 of 082 665 8478.

3. VBO GELEENTHEDE:

1 Februarie 2016 - Teologiese Dag met tema, *Wie is Jesus vir ons vandag in 'n wêreld met baie stemme?* (sien ook herhalings, pt 10) - *let asseblief daarop dat dr Elna Mouton nie meer as spreker by hierdie geleentheid sal optree nie.*
Registrasie: SMS D77695, u naam en e-posadres na 31029

2 en 3 Februarie 2016 - Sertifikaat In Bedieningsvernuwing: Almal word hartlik uitgenooi om hierdie VBO-Werkswinkels by te woon! U hoef nie vir die sertifikaat te registreer om enkel-modules by te woon nie.
Module 6 met tema, *Groei... Vorming vir dissipelskap en bediening* **-** Lering, Heiligmaking en Formasie (*Paideia* en dissipelskap)
Aanbieder: Dr Frederik Marais
VBO-punte: 20
Registrasie: SMS D37174, u naam en e-posadres na 31029

4. INTERNASIONALE KONFERENSIE – *FRESH EXPRESSIONS OF CHURCH*:

Hierdie konferensie vind **vanaf 16 – 18 Februarie 2016** in Goodwood, Kaapstad plaas. Vir meer inligting, klik **hier**.

5. WÊRELDBIDDAG VIR VROUE 2016:

'n Gesamentlike Wêreldbiddag vir Vroue word **DV op Sondag 6 Maart 2016 om 10:00** in die Tweetoring Kerk, Bloemfontein gehou. **Alle vroue** word na hierdie spesiale geleentheid uitgenooi. Die **tema** vir 2016 is, ***Laat die kindertjies na My toe kom***, met Kuba as die land wat die materiaal saamstel. Ruth Mariet Trueba Castro van Kuba, is die kunstenaar en beskryf haar voorstelling van die tema met die volgende:

Although I can explain in a rational way the drawing, based on the symbolic elements that I used: the palms, the windows, the hands and the colors of the Cuban flag, I wanted to complement the art of drawing with the art of words, which is the poetry:

On the threshold of childhood
We open the door to the childhood within us and Jesus enters.
As light transcends the stained glass windows
it is made flesh on the games of laughter
*As child hugs the palms **i**n the middle of the day.*
Our prayer is like a sparkling pupil
sweat from white, yellow, and black hands.
Who receive Jesus, once again
along with all who are waiting on the threshold of childhood.

Besoek gerus die webblad by **www.wwdp.co.za** waar meer inligting beskikbaar is.

6. NUUSBRIEWE:

Bybel-Media nuusbrief 1/2016: Die fokus vir hierdie week is op die eerste uitgawe van *Kerkbode* en Jaarboek 2016 – klik **hier**.

Missie Japan Nuusflits – Januarie 2016: Klik **hier** vir die jongste nuus uit Japan.

7. BEROEPENUUS:

Die Skriba van die Ring van Kroonstad verwittig dat **ds Marius Ellis** op **17 Januarie 2016** in die **NG Gemeente Kroonstad-Oos** bevestig is en ook by hierdie geleentheid sy intreepreek gelewer het. Hy is vanaf die NG Gemeente Nooitgedacht in die Oostelike Sinode beroep. Die Ring van Kroonstad wens hom alles van die allermooiste en beste toe vir sy bediening in sy nuwe gemeente. *Namens die Vrystaat Sinode, word ds Marius en sy gesin ook hier verwelkom en die seën van die Here toegebid.*

Die **NG Gemeenskapskerk Woodland Hills** het op Sondag 17 Januarie 2016 **vir proponent JE (Johan) Visser (ex US 2015)** en tans Jeugwerker by NG Suider-Paarl, **as mede-leraar (Jeug), beroep**.

8. VAKATURE:

ENGO KINDER & JEUGSORGSENTRUMS, BLOEMFONTEIN: Hierdie instansie beskik tans oor 'n vakature vir 'n **voltydse kinderversorger by Esperanza Jeugsorgsentrum te Waterbron, Bloemfontein**. Klik **hier** vir meer inligting - **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 29 Januarie 2016 met diensaanvaarding so spoedig moontlik.**

9. ALGEMEEN:

Regstelling - Vir gemeentes - 'n handige visuele voorstelling en interpretasie van die kerklike jaar: Ons het verlede week hierdie handige inligtingstuk aan julle bekend gestel. Daar was egter 'n paar foute op wat intussen reggestel is. Klik **hier** vir die gewysigde dokument.

Nuwe aanstelling by die NG Kerk Argief, Stellenbosch: **Liesl Rabie** het op 4 Januarie 2016 by hierdie belangrike instansie van die NG Kerk begin werk. Sy ondergaan vir die volgende twee maande indiensopleiding saam met Marlene Schoeman (tans Hoofargivaris), voordat Marlene aan die einde van Februarie groet. Liesl het ervaring in verskeie velde, maar spesifiek in die kultuurhistoriese erfenis en het 'n passie vir bewaring en navorsing. Sy het onder meer gewerk as kurator van die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl en as bestuurder van die Hugenote Gedenkmuseum in Franschhoek. Kontak vir Liesl by **liesl@kaapkerk.co.za**

(Met dank oorgeneem uit Vrydagnuus, nuusbrief van die Sinode Wes- en Suid-Kaapland)

10. NB! HERHALINGS:

Die volgende kennisgewings en inligting wat reeds in *Vrypos* verskyn het, word vir jou gerief herhaal:

- **UV Teologiese dag:** 1 Februarie
  Vrouetoerustingskursus: 12 tot 14 Februarie
  #imagine Byeenkomste: 1 tot 3 April
  Torings van Hoop soek vrywilligers
- **NG Hugenoot:** Optrede van ds Willem Badenhorst (Moreletapark): 31 Januarie
  NG Gardeniapark: Oom Karoolus en Lente: 31 Januarie, 1 & 2 Februarie
- **Vakature – PSD Teol Navorsing in die Diensgroep Toerusting (Stellenbosch):** Sluitingsdatum 29 Januarie
  Vakature – Voltydse leraar, NG Knysna: Sluitingsdatum 31 Januarie

  Klik **hier** vir al die inligting.

11. VERJAARSDAE:

Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week verjaar:

22 Januarie:

Ds Dawie Meyer - FOURIESBURG - 058 223 0050, 083 290 2599, **dawestmeyer@gmail.com**

Dr Leon van Zyl - WELKOM (Oop Arms Gemeenskapskerk) - 057 352 1751, 082 574 0708, **paidion@paidionweb.co.za**

Ds Werner Redelinghuys - FICKSBURG - 051 933 5211, 083 384 1738, **dieperverhouding@telkomsa.net**



24 Januarie:
Dr Danie van Tonder - PELLISSIER (Tentmaker) - 083 411 6966, javu@mweb.co.za
Ds Rikus van Zyl - FICHARDTKRUIN (Tentmaker) - 051 522 7798, 082 926 6519, Rikus.vanZyl@liblink.co.za
Ds Cor Potgieter - FAURESMITH - 051 723 0012, 083 276 4742, cor@vodamail.co.za

25 Januarie:
Ds Dougy Bubb - BETHLEHEM-EFRATA - 058 303 7652, 083 287 1057, douglasbubb@gc-tech.co.za
Ds Retief Botha - UNIVERSITAS - 051 522 5027, 082 564 0830, rrbotha@hotmail.com

26 Januarie:
Dr Carin van Schalkwyk - PHILIPPOLIS - 084 582 8002, carinvs@vodamail.co.za / skriba@ngkvs.co.za

27 Januarie:
Mnr Adriaan de Ruiter - SINODALE KERKKANTOOR - 051 406 6721, 083 302 2916, reken@ngkvs.co.za

12. TEN SLOTTE: *Mag jy in die komende week ook Sy teenwoordigheid ervaar...*

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

AS JY *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 1/2016:

Lees in die Kerkbode van 22 Januarie:

Kerkbode se gay-debat word deur dr Andre Bartlett van *Excelsus* en ds Piet Otto van Griekwastad afgeskop. Van verskillende kante af gee hulle 'n oorhoofse Bybelse argument vir hulle sieninge oor gay verbintenisse.

Verder is daar in Kerkbode verskillende verhale uit die kerklike lewe: 'n gemeente wat in die stad boer om vir armes kos te gee; 'n dorp waar daar vroeër 375 haweloses is, maar nou net 'n handvol; lidmate wat help dat ander se Kersfees nie eensaam is nie.

Lees ook oor die Suid-Afrika waarvoor ons bid, oor hoe 'n missionale kerk moet sing en oor waar in die wêreld dit nou die moeilikste is om 'n Christen te wees.

Jaarboek 2016: Weens meganiese probleme wat die drukkers ondervind, sal die 2016-Jaarboek eers teen die einde van Januarie aan gemeentes en indiwidue wat reeds bestel het, gepos word. **Indien jou gemeente nog nie 'n bestelling vir die 2016-Jaarboek geplaas het nie, is dit nou die tyd om te bestel!**

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
- Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.org.za**

TERUG NA INHOUD

VAKATURE - ENGO: VOLTYDSE KINDERVERSORGER BY ESPERANZA JEUGSORGSENTRUM TE WATERBRON, BLOEMFONTEIN:

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die versorging van 12 kinders van verskillende ouderdomme. Die kandidaat moet geduldig, lief vir kinders wees en oor die vermoë beskik om dissipline te kan handhaaf.

POSVEREISTES:

- Gr 12
- Tussen die ouderdom van 35-50 jr.
- Christelike oortuigings.
- Afrikaanssprekend.
- Geldige rybewys 'n vereiste.
- Verpligte inwoning.

AANBEVELING:

- Ondervinding in die werk met kinders.
- Getroude egpaar sal voorkeur geniet.

DIENSVOORDELE:

- Salaris onderhandelbaar.
- Gratis inwoning – eie woonstel.
- 13e tjek.
- Pensioenfonds.
- Ruim verlof.

DIENSAANVAARDING: So spoedig moontlik.
AANSOEKVORMS: Rina Maree, Van Heerdenweg 26, Wilgehof, Bloemfontein
FAKS CV's NA: 051 522 2508
E-POS CV's NA: rina@engo.co.za
TEL: 051 522 6914 / 082 449 0106
SLUITINGSDATUM: 29 Januarie 2016

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

➢ UV TEOLOGIESE DAG 2016:

Datum: Maandag 1 Februarie 2016
Tema: *Wie is Jesus vir ons vandag in 'n wêreld met baie stemme?*
Liturg: Prof Fanie Snyman
Sprekers: Prof Stefan Joubert *(Dr Elna Mouton het haar optrede gekanselleer)*
Plek: UV-Kampus
VBO-punte: 5
Registrasie: SMS D77695, u naam en e-posadres na 31029

➢ VROUETOERUSTINGSKURSUS:

Die **geleentheid** vind **vanaf 12 – 14 Februarie 2016** by Maselspoort plaas.

SPREKER: Prof Yolanda Dreyer
TEMA: *Back to Basics*
KOSTE: R750.00pp

Plekke is beperk – bespreek asseblief so spoedig moontlik by Anél van Zyl, 071 250 0272 of stuur e-pos aan vrouelidmate@gmail.com

- **#imagine BYEENKOMS:**

Hierdie geleentheid vind landswyd (Wes- en Oos-Kaap en Gauteng), **vanaf 1 – 3 April 2016** plaas. Kaartjies @ R400pp is by **www.iTickets.co.za** beskikbaar. Vir meer inligting kan die webblad besoek word by **www.imaginemovement.co.za**. Indien daar gemeentes is wat sou belangstel om hul tieners na een van hierdie byeenkomste te stuur, kontak gerus vir ds Rikus Hattingh in verband met subsidie van hul reiskoste. Skakel hom op 084 620 6000, of stuur 'n e-pos na rikus@ngkerkpellissier.co.za

- **TORINGS VAN HOOP SOEK VRYWILLIGERS:**

- **HUGENOOT GEMEENTE:**

Dié gemeente sluit hul Week van Gebed op **31 Januarie 2016** af met 'n optrede van ds Willem Badenhorst van die NG Gemeente Moreletapark, Pretoria - hierdie diens begin om **18:30** in die kerkgebou te Normandielaan, Bayswater. **Alle Christengemeentes in Bloemfontein en omliggende dorpe word hartlik uitgenooi om hierdie aand met hulle te kom deel.** Indien jy meer inligting benodig, skakel vir Ina Fourie by 083 458 5956.

- **NG GARDENIAPARK - OOM KAROOLUS EN LENTE:**

Die bekende paar kuier weer op 31 Januarie, asook 1 en 2 Februarie 2016 by die NG Gemeente Gardeniapark te Jasmynlaan 3. Op die 31ste en 1ste is die optredes vanaf 18:00 tot 19:00 (donasies sal waardeer word) – die optredes van die 1ste en 2de Februarie om 09:30, is spesifiek vir dagmoeders, kleuter- en laerskoolkinders tot en met Gr 1 @ R5pp. Kontak asseblief vooraf die kerkkantoor by 051 522 0392 om plek te verseker, asook vir enige inligting rakende die oggende se optredes (plek is beperk).

- **VAKATURES:**

Predikant in Sinodale Diens: Teologiese Navorsing in die Diensgroep Toerusting (Stellenbosch): Die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaapland Sinode), maak hierdie vakature bekend en nooi alle belangstellendes wat daartoe geroepe voel om hulle vir hierdie pos beskikbaar te stel. Klik **hier** vir meer inligting rakende verantwoordelikhede en vereistes. **Let asseblief op die sluitingsdatum vir aansoeke, Vrydag 29 Januarie 2016.**

Voltydse leraar – NG Gemeente Knysna: Klik **hier** vir meer besonderhede rakende die vakature – **diensaanvaarding is so spoedig moontlik en aansoeke en CV moet hulle vóór Maandag 31 Januarie 2016 bereik.**

TERUG NA INHOUD

VAKANTE LERAARSPOS - NG KNYSNA:

Die NG Gemeente Knysna bedien die dorp, woonbuurtes en distrik rondom die Knysna-strandmeer. (Lees meer oor hierdie gemeente by **www.knysnakerk.com**)

LERAARSPROFIEL:

- Die gemeente is op soek na ’n leraar wat die nodige passie het om die visie en kernwaardes van die gemeente te handhaaf en wat gemaklik in spanverband kan saamwerk.
- Vermoë om praktiese Skrifgefundeerde lering te verskaf.
- ’n Goeie leier, entoesiastiese motiveerder en energieke werker wat ook ’n mentor vir ons jeugwerker kan wees.
- Die vermoë om met alle ouderdomsgroepe te kommunikeer.
- Verkieslik ten minste vyf jaar ondervinding in die bediening.
- Vaardig is in moderne kommunikasiemiddele en dit effektief kan benut.
- Die kandidaat moet ’n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wees.

FOKUSAREAS VAN DIE POS: Alle fasette van gemeentewerk soos beskryf in Artikel 9 van die Kerkorde met fokus op leierskap, gemeentebediening en ander aspekte van die opbou van die gemeente.

VERGOEDING: Volgens Sinodale skaal en 'n pastorie word voorsien.

AANSOEKE: Stel jouself **vóór 31 Januarie 2016** aan ons bekend in ’n CV van nie meer as vier bladsye nie, insluitend drie referente en volledige kontakbesonderhede. Verwys asseblief na ons webblad (**www.knysnakerk.com**) vir die samestelling en inhoud van die CV/aansoek. Rig die aansoek aan die Voorsitter van die Pre-advieskommissie by die volgende e-pos adres: **ngknysna@telkomsa.net**

DIE VOLGENDE IS STERK AANBEVELINGS:

- ’n Opname van ’n onlangse preek in video of mp3 formaat (verskaf DVD, CD of ’n *Dropbox* skakel).
- ’n Kort opsomming van jou mening oor huidige aktuele sake in die NG Kerk.

NAVRAE: Voorsitter van die Pre-advieskommissie, Hector Dreyer, by 083 455 1407, e-pos: **hector.n.dreyer@gmail.com**

DIENSAANVAARDING: So spoedig moontlik.

Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

TERUG NA INHOUD